Instagram YouTube Twitter Facebook www.afriforum.co.za


AfriForum

# ForuM

www.forumtydskrif.co.za | Desember 2019

AfriForum Tydskrif

# #VegEnBou




ISSN 2313-1144
9 772313 114002
R15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede



# AfriForum se driebeen-suksesresep bied hoop!

Kallie Kriel – uitvoerende hoof van AfriForum

@kalliekriel




"Ek het baie hoop vir die toekoms," sê ek onlangs vir een van my vriende. Hy kyk my stomverbaas aan. Nadat hy uiteindelik sy woorde agtermekaar kry, sê hy: "Volg jy dan nie die nuus nie?" Nog voordat ek kon antwoord, voeg hy verwytend by: "Jy behoort van beter te weet! Dit is tog duidelik dat die ANC-regering die land in die grond in bestuur. Ek sien geen hoop nie."

My vriend is natuurlik reg, maar beslis ook verkeerd. Hy is reg dat die land onder die ANC se wanbestuur en weens die strukturele gebreke in die huidige politieke bestel agteruitboer. Hy is egter verkeerd om te dink ons toekoms lê in die hande van 'n onbekwame en toenemend vyandige ANC-regering. Ná die verwoestende Tweede Vryheidsoorlog het 'n wesenlike deel van ons voorgeslagte nie hulle toekomshoop op die imperialistiese Britse heersers geplaas nie. Hulle het self verantwoordelikheid vir hulle toekoms geneem. Waarom sal ons dan vandag ons toekomshoop (of wanhoop) op die huidige heersers plaas?

Dit is bevrydend om 'n kopskuif te maak en te besef ons is in staat om self die toekoms te skep wat ons vir ons en ons nageslag wil hê. Om selfbestuur bo regeringsbestuur te kies, laat wanhoop in hoop verander.

As jy dink ek laat dit dalk te maklik klink, is jy reg. Natuurlik is die pad na selfbestuur moeilik, maar dit is die enigste werkbare pad. Die groot vordering wat AfriForum en die Solidariteit Beweging se instellings reeds op die pad na selfbestuur gemaak het, wys dit is prakties haalbaar. Binne die Beweging bestaan daar reeds suksesvolle en selfstandige Afrikaanse tersiêre instellings soos Akademia en Sol-Tech, wat beide reeds jaarliks meer as 1 000 studente het. Solidariteit Helpende Hand se studiefondssentrum help reeds jaarliks meer as 1 500 studente met meer as R40 miljoen se rentevrye lenings. AfriForum beskik ook reeds oor 145 buurtwagte wat selfstandig na gemeenskappe se veiligheid omsien, terwyl ons meer as 140 AfriForum-takke met talle selfbestuurprojekte in dorpe besig is.

## AFRIFORUM SE DRIEBEENSUKSESRESEP

Die suksesse wat AfriForum reeds op die pad na selfbestuur behaal het en op nog groter skaal gaan behaal, is gebou op die organisasie se driebeensuksesresep. Die drie bene hiervan is: Roeping, 'n veg-en-bouplan en die vermoë om die plan uit te voer.

### » ROEPING: #AFRIFORUMSKEPTOEKOMS

AfriForum se roeping, bestaansrede en visie is om 'n toekoms te skep. 'n Toekoms waarin ons en ons nageslag blywend vry, veilig en voorspoedig en op 'n grondslag van wedersydse erkenning en respek met ander gemeenskappe aan die suidpunt van Afrika kan voortbestaan. Roeping is ons geheime wapen, aangesien dit aan ons die wete gee dat ons met genade van Bo die voorreg het om te werk aan iets groter as net onsself. Ons bly almal mense met foute, maar 'n roeping gee aan gewone mense soos ons die deursettingsvermoë en energie om in moeilike omstandighede buitengewone sukses te behaal.

### » VEG-EN-BOUPLAN: #AFRIFORUMVEGENBOU

AfriForum skep 'n toekoms met 'n veg-en-bouplan. Dié veg-en-bouplan behels kortliks dat AfriForum vír geregtigheid en téén agteruitgang veg, maar dat die organisasie terselfdertyd prakties op voetsoolvlak alternatiewe werklikhede help bou wat dit vir ons gemeenskap moontlik maak om met 'n groeiende mate van selfstandigheid en selfbestuur na ons eie belange om te sien. Die plan kan op byna elke lewensterrein toegepas word. Wat die behoud van Afrikaans op tersiêre vlak betref, kan as voorbeeld gewys word dat AfriForum in die howe veg sodat Afrikaans by openbare instellings sy regmatige plek kan kry. Gelyklopend sal die Beweging selfstandige instellings soos Akademia en Sol-Tech bou.

### » UITVOERENDE VERMOË: #AFRIFORUMKAN

Indien AfriForum en ander instellings van die Beweging nie oor die vermoë beskik om ons plan uit te voer nie, sal ons goeie plan net 'n kreatiewe skryfoefening wees. Dit is juis dáárom belangrik dat AfriForum en die Beweging sy uitvoerende vermoë deurlopend uitbou. Baie goeie vordering is reeds in dié opsig gemaak. Wat AfriForum betref, beskik die organisasie reeds oor meer as 235 000 lede, sowat 170 personeel, 145 buurtwagte, meer as 140 takke, sowat 9 600 vrywilligers en stewige bestuur- en administratiewe stelsels. Die instellings van die Beweging verteenwoordig tans gesamentlik sowat 500 000 gesinne.

## DAAR IS HOOP!

Hoewel die situasie in die land vandag swakker is as 20 jaar gelede, kan diegene wat reeds besef dat selfbestuur en selfstandigheid die oplossing bied, opgewonde wees oor die feit dat ons vermoë om self 'n toekoms te skep eksponensieel sterker staan as 20 jaar gelede. Twintig jaar gelede het AfriForum nie eens bestaan nie. Dié organisasie is nou eers 13 jaar oud en het reeds reusevordering gemaak!